

PMW

GRAAD 4 – Mev. E. van der Westhuizen

NOTA AAN OUERS/VOOG:

- Geen werk hoef uitgedruk te word nie.
 - Alle vrae word vanuit die Via Afrika Lewensvaardighede-handboek beantwoord.
 - Alle vrae moet op ‘n A4-bladsy beantwoord word.

NOTA AAN LEERDERS:

- Al die werk wat ek vir julle gaan gee moet asseblief net op 'n bladsy beantwoord word.
 - Maak asseblief seker dat elke dag se datum en opskrifte (soos ons in die klas gedoen het) geskryf word voordat jy met die antwoorde begin.
 - Begin elke dag se werk op 'n nuwe bladsy en moet nie op die agterkant van die bladsy skryf nie.
 - Lekker werk! Dink aan julle!

* * * * *

WEEK 1: EMOSIES

Dag 1: Lees bl.58, 59

Doen die volgende aktiwiteite op 'n A4-bladsy.

1. Beskryf die volgende terme:
 - a. Positiewe gevoelens
 - b. Negatiewe gevoelens
 2. Trek die onderstaande kolom oor op jou papier en skryf die volgende emosies onder die regte opskep:


kwaad	frustrasie	trots	opgewonde	mistrabel	geïrriteerd	bly
tevrede	bang	vrolik	rustig	gelukkig	liefdevol	afgunstig

WEEK 1: EMOSIES

Dag 2: Bl.58, 59

Doen die volgende aktiwiteite op 'n A4-bladsy.

1. Gee 'n voorbeeld van iets waarvoor jy bang is/was.
2. Het jy al ooit jaloers gevoel? Hoekom het jy so gevoel?
3. Teken 'n prentjie om twee *negatiewe emosies* aan te dui.



4. Teken 'n prentjie om twee *positiewe emosies* aan te dui.

